**VOORBIDDING**:



**Wêreld**: Oostenryk, Liechtenstein, Switserland, Andorra, Monaco en San Marino. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Slagoffers van terreur regoor die wêreld. Bekamping en uitkringeffek van die Korona Covid 19-virus asook die geaffekteerdes van die siekte.
**RSA & Dorp**: Christengemeenskap - verskillende kerke en leiers, Christenmense in hulle werk en leefplekke. Vigs geïnfekteerdes en Vigs geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes (ABBA). Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede regoor die land en die oordeelkundige bestuur van ons waterbronne. Bendegeweld op die Kaapse Vlakte. Geweld teenoor vroue en kinders. Vir hoop in die gemeente van Calvinia. Oplossings vir ons land se energiekrisis. Brandbestryders tydens die somer en herfs in veral die Wes-Kaap.
**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Om met 'n dankbare ingesteldheid en bewustelik van God te leef. Geestelike verdieping en groei.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Heni Andrag (Brandwacht), Karl de Villiers (Lovell), Arno Lategan (Rhodes-Noord), Koos Potgieter (Brandwacht-Aan-Rivier), Louréz Swart (Woltemade), Charlé van der Merwe (Binnekring), Anne van Zyl (Compacta) en Jean-Pierre Vermeulen (Speciosa).



Die gemeente se **herwinningsinisiatief** het nou baie groter geword. In die vierkant by die houers waar ons papier herwin vir Huis Horison, is daar nou houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Die GROEN-bediening van die gemeente sorg dat die items wat u bring vir herwinning, by die regte maatskappye uitkom wat hierdie skadelike afval op die regte manier hanteer en herwin.

## GROENgedagte #8 van 2020 Stilhouplekke by die skepping

Die natuur wys vir ons God se prag en heerlikheid, sy mag en wysheid, sy teenwoordigheid en kreatiwiteit, en dalk bo alles, sy omgee-liefde vir ons en alles wat Hy gemaak het. Om tyd te spandeer in die natuur en die mooi raak te sien in 'n blom of boom, voël of dier, die berge of die see, dit is alles dinge wat ons in kontak met God bring as ons bewus daarvan leef. Kom ons gebruik 'n paar stilhouplekke om meer bewus van die skepping te leef. Die volgende stilhouplek by die skepping is WATER. Water is die hele Bybel vol. Jesus is die lewende water. Hy bring ons by waters waar daar vrede is. Ons word gedoop met water. Dink aan jou gunsteling waterprentjie: water wat kabbel, 'n waterval wat raas, die see en branders wat oor rotse breek, reën wat val, 'n glas yskoue water wat jy kan drink, skape wat in die dorre Karoo aanstryk na die waterkrip wat langs die windpomp staan. Water – daarsonder is geen lewe moontlik nie. Wanneer ons die waterbesoedeling in ons riviere sien en wanneer ons bewus word van die droogte en mens en dier se smagting na water, mag dit ons help om water te bewaar!

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Tweede Sondag in Lydenstyd

## Sondag 8 Maart 2020

| | |
|---|---|
| 08:45 | Gebedsgeleentheid (komiteekamer) |
| 09:30 | **Erediens** (Monty Sahd)<br>Tema: Binne-wêreld en Buite-wêreld<br>Teks: Johannes 3: 1 - 21 |
| 09:30 | **Interaktiewe diens** (Elzanne van der Westhuizen)<br>Tema: Die begin van ons storie met God |
| 10:30 | Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer) |
| 18:00 | **Jeugdiens:** Genoeg en Genade |

Jaartema: Dissipels leef bewustelik!




## Tee vir nuwe lidmate



As jy weet van nuwe lidmate, nooi hulle gerus uit na die tee wat ons vir Sondag, 15 Maart na afloop van die erediens in die kerksaal beplan. Dit is 'n informele ontmoeting met die kantoorpersoneel, leraars en hulle gades asook die lede van die Bediening vir Nuwe Lidmate.

## Hulp benodig by ons kleuterkerk

Enigiemand, oud of jonk, wat lief is daarvoor om met klein kindertjies te werk, is welkom om vir Elzanne te skakel en hulp aan te bied by die kleuterkerk. Ons wil graag ons kleuters se ouers kans gee om rustig 'n erediens by te woon, maar het hulp nodig om die kleuters op te pas! Skakel Elzanne by 074 144 9226 as jy wil help!

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer.

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 9/3 tot Sondag 15/3**

| | | |
|---|---|---|
| Di 10/3 | 10:00<br>18:30 | **Bybelstudie** by Bonheur<br>**Kerkraadsvergadering** in die konsistorie |
| Wo 11/3 | 09:30 & 18:00<br><br>09:30 - 12:00 | **Geloofsgroei byeenkomste in die konsistorie:** almal is baie welkom! Jy val in en uit soos dit jou pas.<br>**Marktafel en kuiertafels** in die vierkant. |
| Sa 14/3 | 13:00 - 20:00 | **Herfsfees**: kom kuier saam om die potjiekosvure en proe saam wie se pot is die lekkerste!  |
| So 15/3 | 09:30<br>09:30<br>10:30<br>10:30<br>10:30<br>18:00<br>18:00 | **Erediens**: Louis Jonker (**Belydenisaflegging**)<br>**Kleuterkerk en Junior Kategese (Graad 1-Sondag)**<br>Tee, koffie en saamkuier by ons Koinonia Kafee (leeskamer)<br>Kerkbiblioteek (leeskamer)<br>**Tee vir nuwe lidmate** (kerksaal) <br>**Jeugdiens**<br>**Diens by Bonheur** |

**Die deuroffer vandag gaan aan die Jan Kriel Instituut:** Jan Kriel Instituut bestuur die deernis en omgee van die kerk (en ander persone) by Jan Krielskool, waar leerders met spesiale onderwysbehoeftes gehelp word. 580 kinders van Graad R tot Matriek, wat moet saamleef met verskeie gestremdhede – onder andere weens disleksie, epilepsie, siektes, ongelukke en spesiale leerbehoeftes – kry hier spesialis onderwys. Leef hul leuse en "Gee 'n Kind 'n Kans".



Ons Barmhartigheidstema vir Maart is mense met gestremdhede en spesiale behoeftes Ons deuroffers vir die Sondae in Maart is Huis Horison, Jan Kriel Instituut, Paarlskool, Instituut vir Blindes en Alta du Toit Nasorg. *Die B-Aksie insameling is beddegoed, handdoeke, toiletware en grootmensdoeke.*







## Toiletware vir km's!

Baie dankie aan elkeen wat reeds sy/haar bydrae gebring het vir ons toiletware-uitdaging. **Ons staan al op 615 items**! Elzanne het sommer vroeg reeds 'n verdere uitdaging gestel dat ons Yvette se uitdaging van 460 kan verdubbel! Dit lyk skielik nie meer so onmoontlik nie. Enige toiletware kan gedurende die week na die kerkkantoor of Sondae na die B-Aksie tafel gebring word. Alle toiletware wat gedurende Maart inkom, neem Yvette saam na Calvinia gemeente.

Die deuroffer verlede week aan Huis Horison was R1 957. **Baie dankie!!**
Volgende week se deuroffer gaan aan die Paarlskool.

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za




Kom kuier saam op Saterdag, 14 Maart vanaf 13:00.
**Kaartjies ná die erediens by ons Koinonia Kafee te koop**.
As jy 'n pot wil maak, laat weet vir Leon (021 886 5115 / leon.cronje@stelwel.co.za).
**R80 per volwassene**
**R60 per pensioenaris**
**R40 per kind**

## Geskenkpapier te koop

Geskenkpapier ten bate van Alta du Toit Nasorg is te koop by die kerkkantoor teen R10 per rol. Die papier is lekker sterk en die rolle is 1 m x 70 cm groot.



## Bless a Baby-sakke

Daar is tans 'n groot behoefte aan Bless a Baby en "drawstring"-sakke. Nuwe geknipte lappe vir die sakke het ingekom en gewillige stiksters word gesoek om dit aan mekaar te stik. Kom kyk gerus in die kerkkantoor en help om dié sakke te maak vir Paarl Hospitaal. Die nood bly baie groot.

To get the full value of joy you must have someone to divide it with. *Mark Twain*

## JAARTEMA fokus #8: Dissipels leef bewustelik!

Vir die volgende paar weke gaan ons spesifiek kyk na die geloofsgewoonte wat broer Lourens uitgeleef het, naamlik *Practising the presence of God*. Dit is moeilik om te vertaal, maar gaan oor 'n bewus leef van God in die alledaagse. Om in voeling met God te bly en altyd te weet Hy is by jou. Maar om dit te bereik, moet ons God volkome vertrou. Wat doen jy as jou gedagtes dwaal tydens gebed?

Broer Lourens skryf ons moenie angstig word of selfs met geweld ons gedagtes terugdwing nie, want angstigheid lei eerder tot selfgerigtheid. Ons moet die innerlike bewussyn van God in ons altyd sagkens, nederig en liefdevol beoefen. Hy skryf dat ons ook nie haastig moet wees om geestelik volmaak te word nie, want sulke ongeduld kan belemmerend werk. Al wat ons kan doen, is om God so dikwels moontlik te aanbid, te prys en te dank vir alles. Ons moet groei tot waar ons enigste motief vir ons aanbidding van God suiwer liefde vir God is. Dit word bewys deur in ALLES slegs God se wil te soek en daarvolgens te leef.

Ons moet nooit God se teenwoordigheid beoefen vir ons eie troos of belang nie, maar net uit suiwer liefde vir God. Dit moet die begin en einde van ons aanbidding wees.

## Marktafel-nuus

Baie lekker gemaalde koffie teen R70 per pakkie van 250 g te koop by die kerkkantoor (ten bate van die Noord-Kaap Omgeefonds vir dienste aan bejaardes en persone met gestremdhede).




Daar is ook olyf-olie, wors, burgerpatties, beskuit, koekies, konfyt en vars vrugte te koop.

**ONS KANTOORURE is** Ma: 09:00 - 13:00 Di - Vr: 08:00 - 13:00